# Vorder geneties met ekonomiese indekse

Deur Andries Gouws

Streng seleksie van teeldiere aan die hand van 'n seleksie-indeks, wat al die genetiese eienskappe saamvat wat nodig is om pasmaakdiere vir 'n spesifieke produksiestelsel te kry, en nougesette keuring van geneties meerderwaardige diere om aan rasstandaarde te voldoen, verseker dat 'n boer goeie én mooi diere aan sy klante kan voorsien wat vir hulle meer geld in die sak gaan bring.

Die straf vir seleksie vir 'n enkele eienskap kom al in die eerste geslag en dié probleme kan vinnig toeneem. Daarteenoor word al die genetiese eienskappe wat nodig is vir genetiese vordering om diere te produseer wat in 'n spesifieke produksiestelsel sal presteer, saamgevat in 'n enkele produksie-indeks wat, tesame met bestuurspraktyke om die generasie-interval te versnel, spoedig genetiese vordering gee.

Johan Styger boer deeltyds op Schoemansfontein naby Klerksdorp met 'n Simmentaler-stoetery. Hy bedryf heeltyds 'n raadgewende ingenieurs-onderneming wat wyd in Afrika sake doen. Met sy opleiding is daar vir hom nie grys gebiede nie. Dinge is reg of verkeerd, en dié beginsel pas hy ook in sy boerdery toe.

Só glo hy ook dat sentiment in 'n beesboerdery die enkele grootste vyand van genetiese vordering is. In sy stoetery is daar nie plek vir 'n enkele dier wat nie sy of haar deel doen nie. " 'n Koei of vers wat nie kalf nie, moet haar probleem aan die slagter gaan verduidelik, ek stel nie daarin belang nie," sê hy.

## Selfvervangings-voerkraalindeks

Johan gebruik hoofsaaklik die selfvervangings-voerkraalindeks (SVV) omdat hy bulle voorsien aan speenkalf-produsente en hy aan hulle teeldiere wil verkoop wat die genetiese potensiaal het om die speenkalwers só goed in die voerkraal te laat groei dat voerkraal-eienaars graag sal wil aanhou om hul kalwers te koop.

Hy het in 1977 saam met sy pa, Sampie Styger, naby Rooiberg in Limpopo met beeste begin boer en daar sy eerste boerdery-les geleer. 'n Mooi plaas is nie altyd 'n goeie plaas nie, en daardie was 'n mooi plaas. In 2003 het hy Schoemansfontein, sowat 20km buite Klerksdorp, gekoop en stelselmatig sy kudde na Simmentalers oorgeskakel.



*Johan sê afgesien daarvan dat dit lekker is om te boer, is dit bevredigend om 'n bydrae tot die verbetering van die land se vleisbeeskudde te lewer.*

Vandag boer hy met 180 teelkoeie op 1 000 hektaar waarop 300ha Smutsvingergras gevestig is. Daar is ook 'n spilpunt waaronder hy Pannar se vyfgrasmengsel verbou. Geen mielielande is vir oorwintering beskikbaar nie. Die stoetery is opgebou uit Simmentalers wat hy uit 23 verskillende stoeterye gekoop het om te verseker dat sy genetiese basis so wyd is as die vlaktes waarop hy boer.

## Vrugbaarheid

"Vrugbaarheid is vir my die vernaamste eienskap. As 'n mens nie 'n kalf produseer nie, kan jy met die beste stelsel ter wêreld niks doen nie. Met streng seleksie waarin sentiment geen rol speel nie, is die gemiddelde tussenkalftyd (TKP) van my stoetkoeie nou 377 dae en die gemiddelde ouderdom met eerste kalwing 23 maande. Die verse kalf drie weke vroeër as die koeie, met die gevolg dat die TKP nie veel korter bestuur kan word nie.


"Streng seleksie vir vrugbaarheid verseker dat jy teelfikse diere kry wat aangepas is om optimaal op jou plaas te presteer. Dié wat nie teelfiks of aangepas is nie, verdwyn outomaties. Met dié proses het koeifamilies en bloedlyne totaal uit my kudde verdwyn.

"Verlede jaar se droogte is die manier hoe die natuur sy seën oor so 'n stelsel uitspreek, want die persentasie dragtige diere het na 88,6% gedaal. Dit dui daarop dat goeie voedingstoestande die genetiese komponent van vrugbaarheid kan versluier, wat dan tydens skraps toestande blootgelê word. In die goeie jare was die dragtigheidsyfer tussen 92% en 95%," sê Johan.

## Enkele dektyd

Hy behaal dié syfers met 'n enkele dektyd van 12 weke vir koeie en nege weke vir

**Figuur 1: SVV-voerkraalindeks: EBV-beladings en winsdrywers.**






*Een van die kampioene wat Johan onlangs op die Simmentalers se nasionale kampioenskapskou in Vryburg vertoon het.*

verse. Hy het afgesien van 'n winter-dektyd omdat 'n mens dan tot die uiterste versoek word om koeie wat swaarkry met voer te help, maar dit is nie kostedoeltreffend nie en skep ruimte vir passasiers.

Om sy eie kudde geneties te verbeter en kostedoeltreffendheid te bevorder en dit dan deur te gee na die kopers van sy bulle, gebruik hy die SVV. Die SVV beraam die genetiese verskille tussen diere in terme van netto winsgewendheid per koei.

Die doel van die SVV is 'n selfvervangende suiwer teelkudde (die behoud van vervangings- en teelnageslag), met hoë vrugbaarheid. Kalwers word op die ouderdom van sewe maande gespeen (ongeveer 250kg) en dan ontvang bulle ekstra rantsoene vir 120 dae, sodat hulle op die ouderdom van elf maande en 430kg lewende gewig geslag kan word. Klem word veral op geboortegemak, 400-dae gewig en karkasopbrengs gelê.

Die verandering wat deur seleksie volgens dié indeks in die kudde plaasvind, is nie dieselfde as die waarde van die winsdrywers en die gewigte wat aan eienskappe geheg word nie.

## Seleksiemaatstawwe

Johan gebruik die indeks as sy eerste seleksiemaatstaf. Die bulle wat 'n positiewe ekonomiese waarde het, word dan beoordeel aan die hand van al sy teelwaardes met groter klem op groei, dae tot kalwing teelwaarde (dit haal omgewingsinvloede uit die koei se tussenkalftydperk) en kalwingsgemak.

Hoewel groei en geboortegewig sterk gekorreleer is, het hy daarin geslaag om met seleksie die verband te breek. Hy sê groei genereer geld en 'n mens moet net kurweknakkers soek wat vir jou groei sonder 'n toename in geboortegewig kan gee.

"Met dektyd word ongeveer 50 vervangingsverse gesinkroniseer en kunsmatig geïnsemineer met semen van verskeie bulle met 'n hoë ekonomiese waarde. Daarna sit ek my eie jong bulletjies by die verse om die opvangwerk te doen.

"Vyftig koeie word ook ge-KI. Hulle word in drie groepe verdeel om die beste by elke bul aan te pas. Op die eerste groep word die semen van 'n bul met baie hoë en akkurate teelwaardes gebruik, op die tweede groep die semen van 'n uitstaande, onverwante poena-bul van oorsee en vir die derde groep gebruik ek die semen van 'n jong bul met die beste ekonomiese indekswaardes wat ek in die hande kan kry," sê hy.

## Streng keuring

Alle bulle wat volgens ekonomiese prestasie kwalifiseer, word dan streng deur 'n keurder volgens rasstandaarde gekeur. Op hierdie manier word verseker dat mooi, maar geneties meerderwaardige, bulle uiteindelik vir bemarking beskikbaar is.

"Die reaksie wat ek in die kudde kry deur die stelsel van seleksie-indekse sowel as streng keuring te gebruik, is baie hoër as wanneer vir enkel-eienskappe geselekteer word. Die feit dat ek op die onlangse nasionale kampioenskapskou van die Simmentalers verskeie kampioene vertoon het, wys dat die oogmerk om goeie én mooi diere te teel, binne 'n mens se bereik is," sê Johan.

Vir meer inligting, skakel Johan by 082 460 8443 of stuur 'n epos aan info@btbsimmentaler.co.za.

BEES BRANDMERK

Bly jy dit uitstel want dit lê soos 'n berg voor jou???